basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 300

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde items strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Hierdie memo is nie vir publieke verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanses in sekere vrae.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings moet merker die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte toegeken word vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
10. Kodes: f=vreemde items; p=plasing/aanbieding.

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 BEGRIPPE

1.1.1	Deurlopende voorraadstelsel ✓✓
1.1.2	BTW uitgesluit ✓✓
1.1.3	Zero koers BTW ✓✓

6

1.2 VOORRAADWAARDASIE

1.2.1 Bereken die volgende op 31 Mei 2013:

Geweegdegemiddelde-waarde per boks
✓✓ ✓✓
R875 900 / 23 050
= R38 ☑

Waarde van die eindvoorraad
✓ ☑
3 350 x R38
= R127 300 ☑

Getal vermiste waspoeierbokse
✓ ✓ ✓ ✓
23 050 – 3 350 – 18 800 = 900

12

1.2.2 Verdeling van pligte speel 'n belangrike rol om hierdie probleem te verhoed. Verduidelik hoe Jakob dit met betrekking tot voorraad in die besigheid moet implementeer.
Enige geldige antwoorde ✓✓ Verwagte antwoorde:
Die persoon wat die bestellings plaas, moet nie ook die persoon wees wat die goedere ontvang nie.
Die persoon wat die krediteure betaal moet ook die hoeveelheid voorraad wat ontvang is bevestig.
Die persoon wat die fisiese voorraadopname doen moet nie dieselfde persoon wees wat die bestellings plaas of die voorraad kontroleer nie (die opname behoort onder die toesig van die interne ouditeur plaas te vind).

Noem EEN ander strategie wat hy kan gebruik en verduidelik hoe hy hierdie strategie moet implementeer.
Enige geldige antwoorde ✓✓ Verwagte antwoorde:
Verdeling van pligte
Kontroleer die prosessering van die dokumente – bestelvorm moet totaliseer met die fakture
Fisiese sekuriteit van voorraad

4

1.3 BTW

1.3.1 **As BTW-inset meer as BTW-uitset is, sal SAID vir BTW in die finansiële state as 'n Handels- en ander (betaalbare/ ontvangbare) bedrag getoon word.**

Ontvangbare ✓✓

2

1.3.2 **Die kredietverkope vir Oktober 2013 bedra R120 000 (BTW uitgesluit). Bereken die bedrag BTW op die kredietverkope.**

R120 000 x 14/100 = R16 800 ✓✓

2

1.3.3 **Die totaal van die debietnotas wat aan verskaffers uitgereik is vir goedere wat aan krediteure teruggestuur is, toon BTW van R1 120. Bepaal die bedrag (BTW uitgesluit) wat na die Handelsvoorraadrekening geboekstaaf moet word.**

R1 120 x 100/14 = R8 000 ✓✓

2

1.3.4 **Bereken die BTW wat betaal is as die totale kontantaankope vir Oktober 2013, R159 600 (BTW ingesluit) was.**

R159 600 x 14/114 = R19 600 ✓✓

2

TOTALE PUNT
30

VRAAG 2

2.1 BANKVERSOENINGSTAAT EN INTERNE BEHEER

2.1.1 Identifiseer die items en die bedrae wat in die Kontant-ontvangstejoernaal (KOJ) en die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir Augustus 2013 geboekstaaf moet word. Gee slegs die itemnommer en die bedrag. Moet NIE totale vir elke joernaal gee NIE.

Kontantontvangstejoernaal (KOJ)	
Itemnommer	**Bedrag**
3	R2 000✓✓
6	R540✓
7	R14 000✓

Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)	
Itemnommer	**Bedrag**
2	R21 500✓✓
4	R620✓
5	R8 000✓
8	R3 600✓✓

10

2.1.2 BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 AUGUSTUS 2013

	Debiet	**Krediet**
Kt saldo volgens bankstaat ✓		42 000✓
Kt uitstaande deposito✓		15 600✓
		18 000✓
Kt bedrag foutief gedebiteer✓		300✓
Dt uitstaande tjeks✓		
2395	15 000✓	
2418	8 450✓	
2420	12 000✓	
Dt saldo volgens bankrekening✓	40 450☑	
	75 900	75 900

13

2.1.3 **Dit is duidelik dat die besigheid nie sy kontant behoorlik beheer nie. Watter spesifieke probleme sal die interne ouditeur in sy verslag insluit? Verduidelik TWEE van hierdie probleme, met syfers om jou verduidelikking te ondersteun, en gee 'n moontlike oplossing vir elk. Die ontslaan van werknemers is tans nie 'n opsie nie.**

	Verduideliking (met syfers) ✓✓ ✓✓	**Moontlike oplossing**✓✓
Probleem 1	Die fisiese sekuriteit van deponering van kontant, R21 500 was gesteel.	Gebruik 'n kontant in transito diens/twee persone moet die deposito's doen/ vra kliënte om elektroniese oordragte te doen/ verander deponering roetines
Probleem 2	Oorrol van kontant, deposito's van R34 800 (Julie) en R33 600 (Augustus) is verskeie dae oud en aan die einde van elke maand nog nie gedeponeer nie.	Interne ouditeur moet kyk dat die kassiere daagliks deponeer/ stel 'n ander persoon aan om die deposito's te doen

6

2.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

2.2.1 **Die besigheid beheer nie sy debiteure doeltreffend nie. Gee EEN rede hoekom jy met hierdie stelling sal saamstem. Verwys in jou antwoord na syfers.**

Slegs 25% (R23 500) van die uitstaande saldo is binne die 30 dae kredietterme. ✓✓

2

2.2.2 **Anna is van mening dat haar debiteureklerk nie die debiteure behoorlik keur (nagaan) voordat hulle op krediet by haar besigheid begin koop nie.**

Gee TWEE strategieë wat die debiteureklerk moet volg voordat debiteure toegelaat word om rekeninge te open.

Enige twee geldige antwoorde om keuring te verduidelik ✓✓ ✓✓
Verwagte antwoorde:

- Nuwe debiteure moet 'n ID dokument en bewys van verblyf toon.
- Nuwe debiteure moet drie kredietverwysings voorsien wat die debiteureklerk moet nagaan vir goeie betalingsrekord
- Debiteure moet bewys van inkomste verskaf bv. salarisstrokie

4

TOTALE PUNT
35

VRAAG 3

3.1 INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2013

Verkope (4 220 700✓ - 850✓)		✓4 219 850
Koste van verkope (1 100 720✓ – 680✓)		✓(1 100 040)
Bruto wins	**7**	☑ 3 119 810
Ander inkomste		☑12 860
Wins met verkoop van bate		**12 500**
Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering (3 450 – 3 090)		✓✓360
Bruto bedryfsinkomste	**3**	3 132 670
Bedryfsuitgawes		**(2 293 750)**
Diverse uitgawes		☑31 000
Bankkoste		**6 000**
Ouditfooie		**45 000**
Direkteursvergoeding (432 000✓ + 540 000✓✓)		☑972 000
Salarisse en lone(940 000✓ + 9 000✓✓)		☑949 000
Werkgewersbydrae (103 400✓+ 90✓ + 900✓)		☑104 390
Huuruitgawe (63 360✓ – 5 280✓✓)		☑58 080
Oninbare skulde (2 790✓+ 540✓✓)		☑ 3 330
Waardevermindering (13 750✓ + 81 400✓ + 3 000✓ + 18 500✓)		☑116 650
Handelsvoorraadtekort (138 000✓– (82 000✓+ 47 700✓✓)		☑8 300
Bedryfswins	**32**	☑838 920
Rente-inkomste		**680**
Wins voor rente-uitgawe		839 600
Rente-uitgawe		✓☑(39 600)
Netto wins voor belasting		☑800 000
Inkomstebelasting vir die jaar		**(240 000)**
Netto wins na belasting	**4**	☑560 000

46

3.2 VASTE BATES-NOTA OP 31 DESEMBER 2013

VASTE/TASBARE BATES	VOERTUIE
Drawaarde – 1 Januarie 2013	**309 100**
Kosprys	**489 500**
Opgehoopte waardevermindering	**(180 400)**
Beweging	
Toevoeging teen kosprys	0
Bateverkope teen drawaarde	✓✓(35 750)
Waardevermindering	**(95 150)**
Drawaarde – 31 Desember 2013	☑178 200
Kosprys	✓✓407 000
Opgehoopte waardevermindering	**(228 800)**

5

3.3 HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE

Krediteure (43 400✓ - 680✓✓)	☑ 42 720
Aandeelhouers vir diwidende	✓✓84 000
SAID: LBS (14 100✓ + 1 600✓)	✓15 700
Krediteure vir salarisse	✓✓6 680
WVF (1 300✓ + 90✓ + 90✓)	☑1 480
Pensioen fonds (14 500✓ + 630✓ + 900✓)	☑16 030
Opgelope uitgawes	☑ ☑540 000
SAID: Inkomstebelasting (240 000 – 224 000)	✓✓16 000
	☑722 610

24

TOTALE PUNTE
75

VRAAG 4

4.1

4.1.1	Waar ✓✓
4.1.2	Waar ✓✓
4.1.3	Waar ✓✓
4.1.4	Onwaar ✓✓

8

4.2 4.2.1 KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE

Netto wins na belasting	**980 000**
Aansuiwering vir:	
Rente-uitgawe	**36 000**
Waardevermindering	**200 000**
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	**1 216 000**
Veranderinge in bedryfskapitaal	☑ (111 300)
Verandering in voorrade	✓✓ (77 800)
Verandering in handels- en ander ontvangbare bedrae	✓✓ 48 500
Verandering in handels- en ander betaalbare bedrae	✓✓ (82 000)
Kontant gegenereer uit bedrywighede	☑ 1 104 700

8

4.2.2 Bereken:

Belasting betaal

R294 000 ✓ – R8 900 ✓ – R12 400 ✓ = R272 700 ☑

4

Diwidende betaal

R70 000 ✓ + (200 000 x $^{40}/_{100}$) = R150 000 ☑
R80 000 ✓✓

4

Vaste bates aangekoop

R3 350 000 ✓ + R200 000 ✓ + R165 000 ✓ – R2 000 000 ✓
= R1 715 000 ☑

5

4.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2013:

Solvabiliteitsverhouding

(R3 350 000 + R458 400) : (R400 000 + R504 400)
R3808400 ✓✓ : R904 400 ✓✓

= 4,2 : 1 ☑

5

Vuurproefverhouding

(R458 400 – R316 900) : R504 400 ✓
R141 500 ✓✓

= 0,3 : 1 ☑

4

Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA; gebruik netto wins voor belsting in jou berekening.)

$$\frac{\text{R980 000 ✓+ R36 000 ✓}}{\text{½ ✓(R2 190 000 + R3 304 000)✓}} \times \frac{100}{1} = 37\ \%\ ☑$$

5

4.2.4 **Bereken die minimum getal aandele wat Gus in Julie 2013 moet koop om beheer van die maatskappy te verkry.**

Om beheer te neem moet Gus ten minste die volgende besit:
50% x 450 000 = 225 000 + 1 = 225 001 aandele
OF 225 000 + 100 = 225 100 aandele
OF 51% x 450 000 = 229 500 aandele

Aantal aandele benodig
225 001 ✓✓ – 108 000 ✓ = 117 001 aandele ☑
225 100 – 108 000 = 117 100 aandele
229 500 – 108 000 = 121 500 aandele

4

Gus wil die addisionele aandele teen R8,00 koop sonder om die aandele aan die publiek te adverteer. Gee TWEE redes waarom jy nie met hierdie reëling saamstem nie.

Enige TWEE✓✓ ✓✓

- Alle aandele moet aan die publiek geadverteer word, volgens die maatskappyewet.
- Hy bied slegs R8.00 aan terwyl die markprys 1450 sent is.
- Dit is 'n voorbeeld van binne handel wat 'n kriminele oortreding is./Gus sal voordeel van sy posisie gebruik om homself te verryk.
- Die waarde van R8.00 is onder die nettobatewaarde van R12.10.

4

4.2.5 **Een van die direkteure voel dat die maatskappy in die nuwe finansiële jaar ook van lenings gebruik moet maak. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan en verduidelik elke aanwyser om haar mening te staaf.**

Finansiële aanwyser (met syfers) ✓ ✓ verduideliking ✓ ✓

Opbrengs op totale kapitaal aangewend:
- Dit het verhoog van 22% tot 36,9%
- Die maatskappy is positief gerat aangesien die opbrengs op totale kapitaal aangewend (37%) meer is as die leenkoers (9%)

Skuld/ekwiteitverhouding:
- Dit het afgeneem van 0,3 : 1 tot 0,1 : 1.
- Die maatskappy het 'n lae finansiële risiko – dit is gunstig vir die addisionele leen van fondse (laaggerat)

4

4.2.6 **Die direkteure voel dat die likiditeit versleg het. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om hierdie mening te staaf.**

Finansiële aanwyser (met syfers) ✓ ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓ ✓

Die bedryfsverhouding het verminder van 1,5 : 1 tot 0,9 : 1.

Die vuurproefverhouding het verminder van 0,9 : 1 tot 0,3 : 1.

Die omsetsnelheid van voorraad het verminder van 15 keer tot 8 keer.

6

4.3 OUDITVERSLAG

4.3.1 **Word die ouditverslag soos voorgehou deur Tshabalala & Vennote as 'n gekwalifiseerde ouditverslag, 'n weerhouding-van-mening-verslag of 'n ongekwalifiseerde verslag beskou?**

Ongekwalifiseerde verslag ✓

Gee EEN rede. ✓ enige geldige antwoord bv.
Die woorde "n redelike weergawe , in alle wesenlike aspekte," word gebruik
Die ouditeur het nie 'n probleem uitgewys in sy verslag nie.

2

4.3.2 **Verduidelik hoekom die Maatskappywet dit 'n vereiste maak dat publieke maatskappye deur 'n eksterne ouditeur geoudit moet word. Gee EEN rede.** ✓✓

Enige EEN rede ✓✓
- Onpartydige mening word gegee.
- Skeiding tussen bestuur en eienaarskap – die belange van die aandeelhouers word beskerm.

2

4.3.3 **Aan wie is hierdie ouditverslag gerig?**

Aandeelhouers ✓

Gee EEN rede.

Hulle het die onafhanklike eksterne ouditeure tydens 'n jaarvergadering aangestel.

2

4.3.4 **Senzo Tshabalala, 'n senior vennoot in Tshabalala & Vennote, wil aandele in Bongi Beperk koop, omdat hy dit as 'n uitstekende beleggingsmoontlikheid sien. Watter raad sal jy Senzo gee? Verduidelik.**

Uitstekende antwoord ✓✓✓ goeie antwoord ✓✓ bevredigende antwoord ✓
- Botsing van belange.
- Senzo sal nie as 'n onafhanklike ouditeur beskou word as hy ook 'n aandeelhouer word in die maatskappy nie.
- Die oudit sal deur 'n ander firma behartig moet word.

3

TOTALE PUNT
70

VRAAG 5

5.1 KOSTEBEGRIPPE

5.1.1	D ✓✓
5.1.2	A ✓✓
5.1.3	B✓✓

6

5.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT

5.2.1 FABRIEKSBOKOSTE

Fabrieksonderhoud	**19 404**	
Waardevermindering	**32 390**	
Fabrieksvoorman salaris (9 500 x 13)	123 500	✓✓
Indirekte materiaal (fabriek)	35 730	✓
Water en elektrisiteit(137 000 x ¾)	102 750	✓✓
Huuruitgawe (296 000 x $^{18}/_{30}$) of 60%	177 600	✓✓
Versekering (30 000 x 70%)	21 000	✓✓
Fabriekskoonmakers (52 x 950 x 1.1)	54 340	✓✓
	566 714	☑

12

5.2.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013

Direkte grondstofkoste (42 400✓ + 1 182 500 ✓+ 24 100✓ - 32 800✓ - 56 700✓)	1 159 500	☑
Direkte arbeidskoste [(6 400 x 12) ✓ x 7✓ + (130 x 57) ✓ x 7]	589 470	☑
PRIMÊRE KOSTE	1 748 970	☑
Fabrieksbokoste	566 714	☑
TOTALE VERVAAARDIGINGSKOSTE	2 315 684	☑
Goedere in bewerking (1 Julie 2012)	43 300	✓
	2 358 984	
Goedere in bewerking (30 Junie 2013)	(33 000)	✓
KOSTE VAN PRODUKSIE VAN KLAARPRODUKE	2 325 984	☑ ✓

17

5.3 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEKPUNT

5.3.1 Bereken die volgende:

Direkte grondstofkoste per eenheid

756 000 ÷ 42 000 = R18,00 ✓✓

2

Fabrieksbokoste

42 000 x R9,00 = R378 000 ✓✓

2

5.3.2 **Gee 'n moontlike rede vir die verandering in eenheidskoste in elk van die volgende gevalle:**

Direkte grondstofkoste per eenheid
Minder vermorsing / doeltreffender produksiemetodes / beter opgeleide werkers / goedkoper verskaffers / afslag op massa aankope.

Een geldige punt ✓✓

Fabrieksbokoste per eenheid

Wet op gemiddelde meer opbrengs (meer eenhede geproduseer)/ doeltreffende gebruik van verbruikbares of elektrisiteit

Een geldige punt ✓✓

4

5.3.3 **Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013. Die gelykbreekpunt vir die vorige jaar was 23 064 eenhede.**

$$\frac{\text{R567 000 ✓}}{\text{R60} - (\text{R15,50} + \text{R7,50} + \text{R18,00})}$$
✓ R41 ☑

= 29 842,1 OF 29 842 OF 29 843 eenhede ☑

4

5.3.4 **Verduidelik of die besigheid tevrede kan wees met die produksievlakke wat bereik is. Noem die gelykbreekpunt in jou verduideliking.**

Die besigheid sal tevrede wees ✓ aangesien dit 12 157 eenhede meer as die gelykbreekpunt geproduseer het. (40.7%) ✓✓

3

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 6

6.1 Voltooi die tabel deur slegs die bedrae in die toepaslike kolomme in te vul.

VOORBEELD: Die huurder sal maandeliks huur van R6 000 betaal.

Nr.	Bedrag in die Kontantbegroting vir Mei 2014		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2014	
	ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
Bv.	**R6 000**		**R6 000**	
6.1.1		1 800 ✓		1 800 ✓
6.1.2				7 800 ✓
6.1.3	52 000 ✓		52 000 ✓ of (22 000) ✓✓	30 000 ✓
6.1.4		34 000 ✓	1 700 ✓	

	8

6.2 KONTANTBEGROTING

6.2.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

MAAND	KREDIETFOOI-INKOMSTE	APRIL 2014	MEI 2014
Maart (werklik)	**R140 000**	**84 000**	
April (begroot)	**R200 000**	**68 600**	✓✓120 000
Mei (begroot)	**R280 000**		✓✓ 96 040
KONTANT VAN DEBITEURE		**152 600**	☑ 216 040

	5

6.2.2 Bereken A–D:

A	6 540 x $^{110}/_{100}$ = 7 194 ✓
B	90 000 x $^{100}/_{120}$ = 75 000 ✓✓
C	310 000 – 418 200 = (108 200) ✓✓
D	C + 280 000 = 171 800 ☑

	6

Bereken die bedrag van die lening op 1 April 2014.	
4 400 x $^{100}/_{11}$ ✓ x 12 ✓ = 480 000 ☑	3

Bereken die persentasie toename in salarisse op 1 Mei 2014.	
50 220 – 46 500)✓ / 46 500✓ x 100 = 8%☑	3

6.2.3

Verduidelik wat jy vir Molly sal sê oor elke item in die lys en gee EEN stukkie raad in elke geval.	
BRANDSTOF (PETROL):	
KOMMENTAAR ✓	Oor begroot / swak kontrole oor voertuie / moontlike onvoorsiene styging in pryse/vermorsing.
RAAD ✓	Prysverhogings in brandstof moet verwag word en voor begroot word / kyk na neigings / vermorsing / monitor drywers deur van logboeke en opsporingsstelsels gebruik te maak
INVORDERING VAN DEBITEURE:	
KOMMENTAAR ✓	Onder begroot / nie goed beheer / nie volgens verwagting van die invorderingsbeleid nie
RAAD ✓	Verseker dat debiteure by die beleid hou deur hulle in kennis te stel van uitstaande skulde / SMS / rente op agterstallige rekeninge / korting voordele /geen verdere kredietverkope aan debiteure wat nie by beleid hou nie/verhoog korting van 2% tot 5%
ADVERTENSIE:	
KOMMENTAAR ✓	Goed beheer / bedrag spandeer is volgens begroting
RAAD ✓	Hou by goeie begrotingsetiek / oorweeg egter meer advertensies aangesien die fooi inkomste nie volgens begroting is nie

6

6.3 INTERNE BEHEER

Identifiseer 'n probleem wat Candice met elk van haar produkte ervaar. Noem 'n verskillende probleem vir elke produk. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee 'n toepaslike oplossing vir elke probleem wat geïdentifiseer is.

Produk	Probleem (met syfers)	Oplossing
Vrugtesap	Kontant ontvang dui daarop dat kontant gesteel is. [R29 610 – R28 800 = R810] ✓✓	Verbeter kontrolemaatreëls oor kontantontvangste. ✓ Kasregister - slegs een persoon hanteer kontant
Skyfies	Te veel onverkoopte voorraad (758) voorhande. Hoë mededingende prys [R11] as gevolg van hoë winsopslag [75%]. ✓✓	Bestel slegs geure in aanvraag. Verminder die verkoopprys. ✓
Sjokolade	Te veel sjokolades wat weg is? Moontlik gesteel [35 eenhede] of Te veel voorraadverliese [20 eenhede]✓✓	Strenger kontrole oor die verkope van sjokolades Kyk na die plek waar hulle uitgestal word. Toepaslike stoorplek vir sjokolades moet gebruik word . ✓

9

TOTALE PUNT
40

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou